DAG 31

Hy maak jou hoof vet met olie

Lees Psalm 23.

Hy maak jou hoof vet met olie (vgl. v. 5 O.V.).

Dawid het Psalm 23 in 'n oomblik van krisis geskryf. Dit was juis toe sy lewe bedreig word met die aanslag van sy seun Absalom teen hom en hy die woestyn in vlug. Daar beleef hy hoe die Here met hom is en hy verwoord dit in hierdie treffende Psalm. Die Here is sy herder en hy hoef vir niks bang te wees nie. Dit is asof Dawid al die elemente van God se werking in ons lewe waarna ons die afgelope maand verwys het, in sy lewe beleef het.

Hy beleef hoedat die Here hom na water van rus toe lei. In sy woestynervaring beleef hy die nabyheid van die Here. Dit is die Here wat hom krag gee om die uitdagings wat voorlê, in die gesig te staar.

God maak sy hoof vet met olie! In sy krisis ervaar Dawid hoe God hom salf en geborge laat voel. Jy kan ook versterk voel en weet dat die

Here jou deur elke krisis sal dra. Hy is by ons ongeag die omstandighede. Hy wil by ons kom woon. Hy wil permanente verblyf in ons lewe opneem. Ons kan maar altyd weet: Immanuel, God is met ons, by ons!

Dankie, Here, dat ek aan U behoort. Dankie dat U in my kom woning maak het. Ek weet my lewe is veilig in u Vaderhand.

Aantekeninge: